LIMPOPO

PROVINCIAL GOVERNMENT

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERIFIKAAT

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 2

## SEPTEMBER 2013

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | Opstel | 40 punte |
| AFDELING B | Langer transaksionele teks | 20 punte |
| AFDELING C | Korter teks | 20 punte |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.
5. **BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:**

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik jou beplanning, byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde, ens.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A | 60 minute |
| AFDELING B | 30 minute |
| AFDELING C | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.
8. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer.
9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5. skryf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

Skryf ʼn opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.

1.1 **EK HET 'N SPOOK GESIEN!**

Een aand was jy alleen in die donker. Dit was al baie laat en jy was baie, baie moeg. Skielik raak jy bewus van iemand naby jou. Dis ʼn spook!




[Uit: *http://www.google*.]

Skryf ʼn opstel en vertel van die spook (*goast*) wat jy gesien het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar was jy?
- Hoekom was jy so moeg?
- Wat het die spook gedoen?
- Wat het jy gedoen toe jy die spook sien?
- Wat het gebeur? [40]

**OF**

## 1.2 MY SKOOLLEWE

Na 12 jaar is jy amper klaar met skool.




[Uit: *Internet*]


Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou skoollewe.

Hou die volgende in gedagte:

- In watter skool was jy?
- Wat sal jy altyd onthou van skool?
- Wie was jou maats en wat julle saam gedoen?
- Wie is die onderwysers wat jy die beste sal onthou?
- Waarom sal jy die onderwysers die beste onthou? [40]

**OF**

## 1.3 MY FAMILIE



[Uit: http://www.google.co.za]

Skryf 'n opstel waarin jy van jou familie vertel.


Hou die volgende in gedagte:

- Wie is jou familie?
- Hoe lyk hulle?
- Wat doen hulle?
- Watter soort mens is elke persoon in jou familie?
- Hoe voel jy oor hulle? [40]

**OF**

## 1.4 WATERBESOEDELING

Baie van ons land se damme en riviere is baie besoedel/vuil en nie meer geskik vir menslike gebruik nie.



[Uit: *http://www.google.com*]

Skryf ŉ opstel waarin jy vertel van die waterbesoedeling en wat gedoen kan word om ons land se water skoon te maak en skoon te hou.

Hou die volgende in gedagte:

- Hoe lyk die water in ons damme en riviere?
- Waarom lyk dit so?
- Waarom is dit ŉ probleem?
- Wat kan gedoen word om land se water skoon te hou? [40]

**1.5** Kies EEN van die volgende prente en skryf ŉ opstel daaroor. Skryf die NOMMER van die opstel neer en gee die opstel ŉ TITEL.

**1.5.1**




[Uit: www.google.com]

**OF**

**1.5.2**




[Uit: *Home is where you find it*, Jann Turner]

**OF**

**1.5.3**




[Uit: clip art images]

**OF**

**1.5.4**




bestclipartblog.com

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2

## LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf 80 -100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die soort teks wat jy kies, bo-aan.

### 2.1 FORMELE BRIEF

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy het eendag jou selfoon/horlosie na julle naaste herstelwinkel geneem om dit reg te laat maak. Nadat jy dit gaan haal het, was jy baie ontevrede met hul diens.

Skryf ’n brief aan die bestuurder van die winkel en kla oor hul swak diens.

LW. Noem die adres en alle besonderhede van die winkel.

Dink aan die volgende:

- Watter soort selfoon/horlosie was dit?
- Wanneer het jy dit ingeneem vir herstelwerk?
- Wat is dit wat jou ontevrede laat voel het?
- Hoe, dink jy, kan die winkelbestuurder jou help? **[20]**

**OF**

### 2.2 DIALOOG

Jy is vanjaar in Graad 12 en is nie seker wat jy volgende jaar wil gaan doen nie. Jy het jou Lewensoriënteringsonderwyser gevra om jou met jou loopbaankeuse te help.

Skryf die gesprek (dialoog) tussen jy en die onderwyser oor wat jy volgende jaar moet gaan doen.

Begin só:

Ek : Goeiemôre Meneer.
Onderwyser: Môre ...
Ek :

LET WEL: Laat ’n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

Kopiereg voorbehou 

**OF**

## 2.3 VERSLAG

Julle klas het ŉ ondersoek gedoen na die swak gedrag van leerders in julle skool. Jou klasonderwyser het jou gevra om ŉ verslag hieroor te skryf.

Skryf nou ŉ verslag aan die prinsipaal en vertel van die lelike dinge wat die kinders in die skool doen.

LET WEL: Begin die verslag met jou naam, van en adres.
Jou handtekening en die datum kom onderaan die verslag.

Dink aan die volgende in jou verslag:

- Waaroor gaan die verslag?
- Waarom skryf jy die verslag?
- Wat doen die kinders verkeerd in die skool?
- Wat dink jy moet gedoen word om die kinders se optrede te verbeter? **[20]**

**OF**

## 2.4 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy wil graag jou neef/niggie wat in ŉ ander provinsie woon, besoek. Jy het hom/haar lank nie gesien nie en is nuuskierig oor hoe dit daar lyk.

Skryf ŉ brief aan jou oom en tante en vra of jy hulle tydens die volgende skoolvakansie kan besoek.

Dink aan die volgende:


- Wanneer wil jy gaan kuier?
- Hoekom wil jy by hulle gaan kuier?
- Hoe gaan jy daar kom?
- Wat wil jy en jou neef/niggie alles doen?
- Vir hoe lank wil jy by hulle bly? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKS

Skryf 60-80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan.

### 3.1 ADVERTENSIE



[Clipart]

Jy wil geld bymekaar maak om vir jou 'n nuwe rekenaar te koop en het besluit om 'n spaza langs die pad te open.

Stel 'n advertensie op om die produkte wat jy by die spaza gaan verkoop, te adverteer.

Dink aan die volgende:


- Waar die spaza gaan wees.
- Wat jy gaan verkoop.
- Wat die pryse daarvoor gaan wees.
- Die mense aan wie jy gaan verkoop.
- Spesiale pryse.

LET WEL: Punte word vir die inhoud gegee en nie vir die versiering nie. **[20]**

**OF**

### 3.2 PADAANWYSINGS

Jy is op pad winkel toe. 'n Vreemde man stop by jou en vra jou om vir hom die pad na die hotel te verduidelik. Jy teken vinnig 'n kaart, maar verduidelik ook die pad aan hom. Volg die kaart instruksies hieronder:




[Uit: Selfhelpgids]

Hou die volgende in gedagte:

- Skryf jou rigting- en padaanwysings in volsinne en puntsgewys neer.
- Noem in watter rigting hy in DRIE strate moet draai (gebruik die straatname).
- Gebruik EEN verkeersteken in jou aanwysing.
- Noem VIER bakens waarby hy verby sal gaan.
- Onthou jy moet 60-80 woorde skryf. **[20]**

**OF**

### 3.3 POSKAART

Jy is op reis en wil hê jou ouers moet weet waar jy is en hoe jy tot dusver gereis het.

Stuur 'n poskaart aan jou ouers en vertel hulle hoe jy tot dusver gereis het en waar jy oral was.











*[Verwerk uit die Internet]*

Hou die volgende in gedagte:

- Waar is jy vandag?
- Waar was jy al orals?
- Van watter soort vervoer het jy gebruik?
- Hoe voel jy oor jou reis? [20]

Gebruik die volgende formaat:

| | |
|---|---|
| | POSSEËL<br>____________<br>____________<br>____________<br>____________ |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**